

VAKANSIE VERBLYFKONTRAK

VIR DE VALLE 55



Lees en teken asseblief die kontrak, waarmee jy verklaar om by die reëls te bly. Stuur asseblief dan die getekende kontrak terug aan die eienaar.

IN - EN UIT GAAN PROSEDURE

1. Ingaan.

Ingaan tyd is 14:00 op die dag van die huurder se aankoms. NIE vroeër nie, tensy oorgeengekom is met die eienaar.

2. Uitgaan. Uitgaan tyd is 10:00 op die dag van die huurder se vertrek. Enige vertraging hiervan, sonder vooraf toestemming deur die eienaar, sal dan 'n ekstra dag se huur meebring.

Datum van aankoms: _____

Datum van vertrek: _____

Aantal nagte: _____ Tarief: _____ Totaal: R _____

BEVESTIGING VAN BESPREKING

Bevestiging van die **BESPREKING** sal skriftelik via epos gedoen word nadat bewys van betaling van 50% deposito ontvang is. Die balans is betaalbaar nie later nie as 30 dae voor aankoms gedurende die jaar, en twee maande voor 'n Desember vakansie huur, andersins sal die bespreking as gekanselleer gesien word en die deposito verbeur word. Indien die bespreking minder as 30 dae voor aankoms gemaak word, is die volle bedrag dadelik betaalbaar om sodoende die bespreking te bevestig.

KANSELLASIE

Daar is 'n 48 uur afkoelperiode ná die bevestiging van 'n bespreking. Indien die bespreking binne hierdie tydperk gekanselleer word, sal die deposito terugbetaal word. Indien die bespreking ná 48 uur gekanselleer word, sal die deposito verbeur word. Laasgenoemde sal ook geld indien die finale balans nie betyds teen die sperdatum betaal word nie.

GEBUIK EN GENIETING VAN DIE WOONSTEL EN DIE WOONSTELBLOK

GEBUIK VAN DIE WOONSTELBLOK

Vakansiegangers sal alle plaaslike reëls, regulasies en ordinansies van die woonstelblok nakom. Vakansiegangers sal ook al die eienaar se eie reëls van die woonstel nakom, soos alles vervat in die verwelkomingslêer wat in die woonstel beskikbaar is. Indien enige reëls nie nagekom word nie, sal dit lei na onmiddellike beeëindiging van die verblyf en enige betaalde bedrag sal verbeur word.

'n Kopie van die kompleks se reëls is in die Verwelkomingslêer en ook op die kennisgewingsbord langs die hyser op die grondvloer. Hierdie reëls moet asseblief nougeset nagekom word.

PARKERING VAN VOERTUIG

Elke woonstel het sy eie afgebakende parkeerplek. Jy mag slegs op Nr 55 se plek parkeer, wat geleë is reg langs die wasgoeddraad se muur. Slegs een voertuig per woonstel word binne die kompleks toegelaat. Sleepwaens moet asseblief op die gemerkte Sleepwa parkeerplek parkeer word.

Parkeer areas naby die ingang is nie genommer nie en mag gebruik word tydens die aflaai proses. Jy mag nie op iemand anders se gemerkte parkering stilhou nie. Ekstra voertuie mag in die parkeer area oorkant die straat gelaat word.

OKKUPASIE

Op geen tydstip tydens verblyf mag die aantal mense in die woonstel meer as 5 wees nie.

GENIET IN STILTE

Mense in die ander woonstelle is geregtig op 'n geraasvrye verblyf. Enige rusverstoring wat aan polisie rapporteer word, of enige bure wat klagtes indien aangaande Woonstel 55 se huurders, sal onmiddellike ontruiming beteken en ook verbeuring van enige gelde wat betaal was.

BEDDEGOED

Beddegoed word verskaf, maar word nie tydens die verblyf omgeruil of gediens nie. Daar is 'n waskamer op die groendvloer indien gastge dit wil was.

AANTAL GASTE

Die woonstel kan 5 gaste maksimum akkommodeer.

ROOK

Rook is VERBODE in die woonstel. Respekteer asseblief hierdie reël!

TROETELDIERE

GEEN troeteldiere word op die perseel of in die woonstel toegelaat nie.

MEUBLEMENT/TOEBEHORE

Die woonstel is uitgerus deur die Eienaar en is ten volle toegerus vir selfsorg akkommodasie. Alle skoonmaakmiddels, toiletpapier, handdoeke en linne is die huurder se verantwoordelikheid. Breekskade deposito sal teruggehou word indien meubels (beddens) geherrangskik word en nie teruggeskuif word nie!

GEBRUIK VAN BRAAI FASILITEITE

Geen vure word toegelaat op die balkon nie. Braai fasiliteite is geleë op die gras agter en rondom die swembad.

GESLOTE HANGKAS

Vakansiegangers word gevra om asseblief die Eienaar se geslote kaste uit te los. Enige poging om dit oop te breek sal lei tot verbeuring van die sleuteldeposito, en die huurder sal verantwoordelik gehou word vir enige skade of goed wat weggeraak het uit die oopgebreekte kaste.

SKADE OOREENKOMS

Enige skade aan die gebou, woonstel of meubels/toebehore toegedien deur huurders of hul gaste, sal die verantwoordelikheid wees van die huurder. Indien jy iets breek of verloor, vervang dit (bv breekgoed en eetgerei) en laat ons ten minste weet.

SLEUTEL EN BREEKSKADE DEPOSITO

'n Breekskade deposito van R500 word ingereken by die kwotasie/rekening. Dit is vir kostes soos bv. Verlore of die versuim om sleutes en staphek "tags" terug te gee, gebreekte items ensovoorts. Dit word ook teruggehou indien meubels/beddens byvoorbeeld geherranskik word en nie teruggeplaas word soos dit gekry is nie. Ook as die plek soos 'n varkhok gelos word. Enige skade wat die deposito se bedrag oorskry sal wees vir die huurder se rekening en moet binne 24 uur betaal word ná ontvangs van ons rekening.

Die eienaars sal ná die gaste se vertrek die plek deurgaen en indien als in orde is, sal die deposito via EFT terugbetaal word binne 'n week.

SLEUTEL PROSEDURE

Slegs wanneer alle besprekingskoste betaal is, sal die sleutels oorhandig word. Op die dag voor aankoms sal ons reël hoe laat ons as eienaars sêlf die sleutels by woonstel kom oorgee. Dan sal gereël word hoe laat die vetrek sal plaasvind en wat met sleutel moet gebeur as eienaar nie self daar kan wees tydens vertrek nie.

SKOONMAAK

Daar is geen skoonmaakdienste (beddegoedruiliings ens) tydens vakansieverblyf nie. Die woonstel moet asseblief agtergelaat word soos jy dit by aankoms kry. Indien die woonstel vuil en morsig gelaat word en onredelike skoonmaak benodig, word die sleuteldeposito verbeur.

PARTYTJIES

Geen byeenkomste of partytjies mag in die woonstel gehou word nie, aangesien dit meestal kan ontaard in 'n gedrink en 'n geraas wat nie ander mense in die omgewing in ag neem nie.

VRYWARING

Die Eienaar probeer om die woonstel ordentlik te onderhou. Die huurder kom hiermee ooreen om die Eienaar onmiddellik in kennis te stel van enige onderhoudsprobleme, sodat die situasie so gou moontlik uitgesorteer kan word. Die Eienaar is nie verantwoordelik vir enige ongerief wat mag voortkom as gevolg van omstandighede buite sy beheer nie. Dit sluit in, maar is nie beperk nie, tot bv. die hyser wat nie werk nie, konstruksie, meganiese probleme van toebehore, swak weersomstandighede, verpligte ontruiming ens. Geen terugbetalings sal gedoen word vir omstandighede buite die Eienaar se beheer nie. Die Eienaar sal nie verantwoordelik gehou word vir enige beserings van huurders of hul gaste agv handeling van genoemde partye nie. Die Eienaar is ook nie verantwoordelik vir enige diefstal of skade aan die huurder se eiendom tydens die verblyftydperk nie. Hiermee verklaar die huurder dat hy/sy bogenoemde ooreenkoms geles en verstaan het, en hom/haarself daardeur verbind tot die nakoming van alle terme, voorwaardes en reëls sonder voorbehoud.

VAKANSIEHUURDER SE INLIGTING

Huurder se naam en Van: _____

Straatadres: _____

Dorp/stad: _____

Provinsie: _____ Poskode: _____

Epos adres: _____

Tel/Selnr: _____ ID Nr: _____

Aantal gaste: _____

- Ek bevestig hiermee dat ek bostaande reëls en besprekingsvoorwaardes gelees het en verstaan, en onderneem om alle kostes te betaal soos aan my gegee deur die eenaar.
- Ek bevestig ook dat ek aangehegTe Gedragsreëls gelees het en daarby sal hou.

Huurder se handtekening: _____

Datum: _____

Huurder se Bank besonderhede (Vir terugbetaling van sleutel en breek deposito via EFT indien nodig)

Rek houer: _____

Bank: _____

Tipe: _____

Rek nr: _____

Takkode: _____

EIENAARS SE INLIGTING

Eienaars se naam: Annette & Dirk Coetzee

Address: 7 Seekat Str, Tergniet

Name: Annette Coetzee

Email: annettecoetz@axxess.co.za

Cell no: 0824114378

EIENAAR BANK BESONDERHEDE

Betaling per EFT

Rek houer: Annette Coetzee

Bank: Capitec Bank

Tipe: Spaarrekening

Rek nr: 1439247747

Takkode: 470010

Verwysing: Huurder se naam